

EREDOKTORSGRAAD

DOCTOR LITTERARUM (Honoris Causa)

VAN HEERDEN, Etienne Roche

Die Universiteit van die Vrystaat het nie alleen die afgelope dekades die voortou geneem met die erkenning van vooraanstaande sestigters nie, maar ook van 'n later geslag skrywers en kritici. Daaronder tel Jakes Gerwel, J.C. (Jaap) Steyn, Antjie Krog en Karel Schoeman.

Die Afrikaanse skrywer wat egter die grootste internasionale bekendheid geniet, wie se werk in die meeste van die belangrikste wêreldtale vertaal is; inderdaad die mees bekroonde Afrikaanse skrywer van sy generasie, is Etienne van Heerden, tans Hofmeyr-hoogleraar en Hoof van die Departement Afrikaanse en Nederlandse Studie aan die Universiteit van Kaapstad.

Etienne Roche van Heerden is op 3 Desember 1954 gebore en word groot op die plase Doornbosch, geleë teen Toorberg in die distrik Graaff-Reinet, en Gerriehoek, geleë aan die voet van Buffelskop, waar Olive Schreiner begrawe is. Van Heerden sal in sy latere skryfwerk voortdurend terugkeer na die ruimte van sy jeug, soos in sy bekende roman, *Toorberg* (1986). Ook die Schreiner-figuur duik meermale in sy werk op.

Sy vader is op 'n jong ouderdom oorlede en Van Heerden en sy gesin verhuis na Stellenbosch waar hy matrikuleer aan die Paul Roos Gimnasium. Hier leer hy ook vir André le Roux du Toit, die latere André Letoit, en Koos Kombuis ken. Ná skool sluit hy aan by die Suid-Afrikaanse Vloot, waar hy diens doen by die Perde- en Hondeskool weens blindheid in sy regteroog.

Hy behaal die grade BA (Regte), LLB en 'n honneurs- en magistergraad (met lof) in Afrikaans en Nederlands. Hy werk as prokureur en later by 'n reklamemaatskappy Hierdie ervaring benut en verwerk hy in onder andere *Toorberg*, wat handel oor die ondersoek van 'n magistratuur na die dood van 'n kind en in sy satiriese roman, *Casspirs en Campari's* (1991).

Nadat 'n tydperk as lektor in Afrikaans aan die destydse Universiteit van Zoeloeland, word Van Heerden in 1987 deur André P. Brink as dosent in Afrikaans en Nederlands aan Rhodes-universiteit in Grahamstad aangestel, waar hy verantwoordelik is vir literêre teorie en die kursus in skeppende skryfwerk. In 1999 word hy by die Universiteit van Kaapstad aangestel, aanvanklik as Medeprofessor.

In 1978 verskyn Van Heerden se eerste verhaal in boekvorm, "My Kubaan", asook 'n jeugroman, *Matoli*, waarmee hy die Perskor-prys vir Jeugliteratuur ontvang. Reeds uit hierdie vroeë werk spreek 'n besondere taalgevoeligheid en stilistiese vermoë en 'n belangstelling in die Suid-Afrikaanse aktualiteit. Hoewel Van Heerden tans bykans uitsluitlik bekend is as prosaskrywer, blyk sy merkwaardige veelsydigheid uit gepubliseerde poësiebundels en kabarettetekste.

Sy eerste kortverhaalbundel, *My Kubaan* (1983), word bekroon met die Eugène Marais-prys. Die tema van die titelverhaal, naamlik die grensoorlog, word voortgesit in *Om te awol* (1984), waarmee Van Heerden hom vestig as meer as net 'n belowende jong skrywer. Dit is egter met die magies-realistiese roman, *Toorberg* (1986), waarmee Van Heerden ver buite die grense van Suid-Afrika bekendheid verwerf. Hiermee verower hy bykans al die belangrikste literêre pryse in Suid-Afrika: die W.A. Hofmeyr-prys, die ATKV-prys, die CNA-prys en die Hertzogprys.

Toorberg is 'n moderne Afrikaanse plaasroman waarin baie van die kenmerke van die tradisionele Afrikaanse plaasroman geparodieer word. Hier is geen erfgenaam meer nie; die blanke patriarge raak irrelevant en die lot van mense oor die kleurgrens word verstrengel. Wat verder uit hierdie merkwaardige roman blyk, is dat die waarheid (van die verlede) onnaspeurbaar blyk te wees en almal oplaas verantwoordelikheid moet aanvaar (die ondersoekende beampte die meeste!) vir die dood van Druppeltjie du Pisani. Voorts word op metaforiese wyse gesuggereer dat die blanke se mag uitgedien is en hy skuldig is aan magsvergrype.

Onderdrukking van inligting, diensplig, geweld en hedonisme speel 'n belangrike rol in Van Heerden se roman, *Casspirs en Campari's* (1991), wat 'n ontstellend realistiese beeld skep van die gewelddadige laaste jare tagtig van die vorige eeu. Reeds in hierdie werk is daar talle outobiografiese elemente, 'n tendens wat later voortgesit word en veral in *In stede van die liefde* (2005) 'n beklemmende effek het. In hierdie roman, wat geskrywe is ná Van Heerden se hartomleiding, speel die hart-metafoor 'n sentrale rol. Van Heerden slaag goed in verskeie van sy romans om 'n sekere tydsgees vas te vat, byvoorbeeld in *Casspirs en Campari's* waar die gefragmenteerde samelewing van periode gedurende die Angolese Oorlog uitgebeeld word.

Die stoetmeester (1993) fokus op die Oos-Kaapse Engelse afstammeling van die Britse setlaars, in baie opsigte onbetrokke by die politieke werklikhede. Benewens 'n uiters vernuftige aanwending van die ek-perspektief (deurdadig die storie deur 'n gestorwene vertel word), is hierdie roman van Van Heerden 'n ernstige poging om deur middel van skryfwerk na versoening tussen swart en wit te strew. Skuld staan weereens sentraal as tema, asook die vraag hoe die verlede hanteer behoort te word, 'n tema wat daarna soos 'n refrein in sy werk na vore sal kom.

Kikoejoe (1996) is sterk outobiografies gekleur, met 'n bykans karnavaleske bontheid aan eksentrieke karakters wat op baie plekke vooruit dui na die latere roman, *Dertig nagte in Amsterdam* (2008). Die familie-intriges speel af teen die agtergrond van 'n Raka-agtige "Ding".

Kritici reken dat *Die swye van Mario Salviati* (2000) een van die hoogtepunte van Van Heerden se werk is. In wese is hierdie roman 'n vernuftige inspelings op die Afrikaanse dorpsroman, waar 'n vreemde persoon (veelal 'n vrou) met 'n bepaalde doel na 'n dorp toe gaan, maar in die proses geheime ontrafel, geheime wat deur die dorp self in die doofpot gesteek is, simptome van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Weereens vervaag kleurskeidslyne, kom versweë dinge na die oppervlak en word 'n stuk geskiedenis herontdek.

Asbesmiddag (2007) is 'n teks wat opspraak maak omdat die figuur van die magnaat in die boek baie sterk op Anton Rupert dui. Van Heerden moes hierdie ooreenkoms ook pertinent in die openbaar ontken. Desondanks is dit 'n boek wat baie introspektief is en op plekke lyk na 'n handleiding vir 'n skryfskool as gevolg van die talle wyses waarop die nate van die roman bykans doelbewus gered en getoets word.

Dit is egter met *Dertig nagte in Amsterdam* (2008) waarmee Van Heerden waarskynlik sy mees aangrypende roman daarstel. Hierdie roman problematiseer veral die weergawe van die verlede, of dan die geskiedenis. Die hoofkarakter, Henk de Melker, "melk" by wyse van spreke die droë speen van historiese representasie, omdat hy daardie biografieë wat niemand as die moeite werd beskou het nie, daardie vergete "klein" geskiednisse van onbenullige mense, neerskrywe. Uiteraard is dit aan die een kant die veilige opsie, omdat jy in jou vergeethoekie rustig kan skrywe sonder om in kompetisie met ander historici te tree. Aan die ander kant is dit 'n vorm van restituisie, omdat dit mense aan die vergetelheid ontruk. Die storie van hierdie roman is ook 'n vorm van regstellende optrede, omdat dit die storie weergee van De Melker, in eie reg die verpersoonliking van 'n man van niemandal.

Op 'n onverwagte wyse word De Melker deur die voorwaardes verbonde aan 'n erflating gedwing om nie net die geskiedenis van sy eksentrieke tante te herbelewe, te verken en te begryp nie, maar ook sy eie. **Geskiedskrywing is nie die weergawe van feite nie, besef hy mettertyd, nie die belangelose en bykans blaamlose optekening van menselewens nie. Jy word genoep om oorsake vas te stel, gevolge te bepaal, keuses te evalueer binne die politiek-sosiale**

konteks wat jy beskrywe. Die verlede dring nie net deur tot in die hede nie; dit bepaal dit selfs. Deur die skryf van geskiedenis ontwikkel jy 'n voorkeur vir, selfs goedkeuring van bepaalde optredes en algaande moet jy jouself vrae stel oor jou eie plek in die geskiedenis; kortom, ook jou eie identiteit. In die weergawe van die eksentrieke tante Zan wat in tale praat as sy 'n *grand mal*-aanval het, skep Van Heerden 'n onvergeetlike karakter en kan hy sy barok-styl laat hoogty vier.

Uit Van Heerden se biografie blyk dat hy 'n indrukwekkende aantal toekennings tot sy krediet het, en wye internasionale erkenning geniet. Sy romans is al in elf tale vertaal en bydraes van hom is opgeneem in bloemlesings wêreldwyd. Hy is die mentor en studieleier van 'n verskeidenheid skrywers (Engels en Afrikaans) wat almal suksesvol gepubliseer het en in baie gevalle ook bekronings ontvang het. Van sy belangrikste bydrae tot die Suid-Afrikaanse samelewing is sy oprigting van LitNet en die uitbou van hierdie magtige digitale webwerf wat nou ook twee geakkrediteerde tydskrifte insluit. Bloot hiervoor verdien hy reeds die hoogste erkenning.

Dit is vir die Universiteit van die Vrystaat 'n eer om aan 'n persoon wat die Suid-Afrikaanse landskap positief verander het erkenning te verleen deur die toekenning van die graad **DLitt (Honoris Causa)** aan **Dr. VAN HEERDEN, Etienne Roche**.

14 Junie 2012